

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:

**Johan
Claassen
Broers**

JAARGANG XXXV

Inligting aan eerstejaars

Alle verenigings, rade en departemente wat belangstel om inligting aan die eerstejaars te gee, moet dit voor 1 Januarie 1981 in die Wapadposbussie, Bussie 13, agter die inligtingskantoor, gooi.

Boetes vir dames

Boetegelde vir damesinwoners van die PU-koshuise het weer gedurende die afgelope tyd onder die soeklig gekom en 'n oorkoepelende boetestelsel is in werking gestel. Dit behels die volgende:

Nie uitteken gedurende 'n naweek nie — R2,00
Verkeerd uitteken oor 'n naweek — R1,00
Nie uitteken vir sitkamer nie — R1,00
Minder as 15 min. laat saans — R1,00
Meer as 15 min. laat saans — R5,00

Ou huis gaan gesloop word

DIE ou huis wat tussen die Ekonomiese Wetenskappe- en die Opvoedkunde-gebou staan, gaan eersdaags gesloop word om plek te maak vir tuine wat aangelê word ter verfraaiing van ons kampus.

Dit is een van die oudste geboue op die kampus — ongeveer net so oud soos Thaba Jah en Heimat.

Hoofgebou

VANAF 1981 sal die hoofgebou uitsluitlik vir die Fakulteit Regte gebruik word, sê prof Scott, adjunk-dekaan van die fakulteit.

Met die voltooiing van die nuwe Administrasiegebou sal die kantore van die Departement Ontwikkeling, wat tans in die hoofgebou is, daarheen verskuif word.

Die hoofgebou sal dan gerestoureer word vir die gebruik deur die Regsfakulteit. Verbodings aan kantore sal plaasvind om meer ruimte vir klaskamers te skep.

Daar word beplan om vanaf volgende jaar met die opknapping van die hoofgebou te begin.

NOMMER 21

17 OKTOBER 1980

● Nuwe etebesprekingstelsel word ondersoek Klagtes oor koshuiskos te wyte aan stelsel

— Trudie Scholtz —

„DIE kern van die saak is dat geen student honger uit 'n eetsaal hoef te stap nie”, het mnr Dirk Coetzee, hoof van Koshuisadministrasie, verlede Donderdag gesê.

Mnr Coetzee het gereageer op klagtes oor die etes wat aan koshuisingangers van die PU verskaf word.

Een van die klagtes is dat studente wat op verskillende tye gaan eet, nie altyd dieselfde tipe kos kry nie. Soms word die bene gerek om betyds te wees vir 'n stukkie biefstuk. Maak jy dit nie — nou ja, dan moet Weense worsies maar die ding doen!

Mnr Coetzee skryf hierdie probleem toe aan die feit dat daar geen etebesprekings gedoen word nie. Die hoeveelheid voedsel wat voorberei word, word dus na skatting bepaal. Die teendeel

van dié probleem — te veel kos — lei tot groot-skaalse vermorsing (vleis IS so duur!), wat die student indirek benadeel.

Volgens mnr Coetzee woon slegs 20% van die dames onthut by. Word daar egter joghurt bedien, styg die bywoningsyfer tot 80%. Die logiese gevolg hiervan is te min joghurt en baie ontevredenheid aan die kant van die dames. 'n Oplossing sal miskien wees om vooraf aan te kondig wanneer joghurt bedien sal word.

Daar word tans aan 'n stelsel vir etebesprekings gewerk wat ook sal meebring dat studente slegs vir besprekte etes sal betaal. Dié stelsel is egter nog in 'n vroeë ontwikkelings stadium.

'n Ander klagte (van dameskant) is dat te veel styselkosse voorgesit word. En stysel is taboe

vir die figuurbewuste dametjies! Hulle wil liever meer slaaisoorte hê.

Mnr Coetzee sê hierop dat daar reeds aparte spyskaarte vir mans- en damestudente bestaan (behalwe in Sentraal-eetsaal waar dit prakties nie moontlik is nie), maar dat massabestellings hierdeur bemoeilik word. Oor die gebalanseerdheid van die spyskaart bestaan daar egter geen twyfel nie.

Die smake en voorkeure van die massa word blykbaar in ag geneem by die opstel van die spyskaart, maar 'n gebalanseerde spyskaart is glo nie altyd so gewild nie.

Op die klagte dat Rus-

siese worsies, oftewel “Russians”, nie deur studente as 'n “hoofmaaltyd” beskou word nie, het mnr Coetzee die volgende antwoord:

Die spyskaart vorm 'n eenheid deur die hele dag. Daar is dus geen sogenaamde “hoofmaaltyd” nie. Hierdie tipe klagtes spruit voort uit die eetpatroon van die student. Ontbyt word nie bygewoon nie en aandete word miskien misgeloop.

Die middagmaal staan die student nie aan nie; gevolglik stroom klagtes oor die “slegte kos” in.

Mnr Coetzee beroep hom op studente om hul individueel van die feite

te vergewis — die agtergrond te ken — voordat besware geopper word. Die student ontvang volgens hom alles wat hom toekom binne die ruimte waarin beweeg kan word. Hy sal graag klagtes met meriete aanhoor en aandag daaraan skenk. Daar moet veral gepoog word om “as 'n span saam te werk”

Nuwe dekaan

Prof J J van der Walt is as die nuwe dekaan van die Fakulteit Teologie aangewys. Hy neem die plek in van prof P Coetzee wat aan die einde van die jaar aftree.

Administrasie eers later voltooi

DIE nuwe administrasiegebou sal nie voor die einde Februarie 1981 betrek word nie. Registrasie sal aanstaande jaar dus op die gewone wyse plaasvind. Volledige besonderhede sal egter ook soos gewoonlik saam met die eksamenuitslae verskaf word.

'n Hele paar hertoewysings van geboue en lokale sal daarna plaasvind. Daar is ook reeds besin oor die gebruik van die ou administrasiegebou, maar geen besonderhede kan in hierdie stadium bekend gemaak word nie, omdat die bestuurkomitee (rektor, vise-rektore en registrateur) nog nie daaroor beraadslaag het nie.

Intussen vorder die landskapsbou in die omgewing tussen die Totiusaal, Biochemiegebou, studentesentrum, Heimat en ander geboue goed. Daar is onlangs begin met die aanbring van sitbankies.

DIE eksamentyd vir die eindeksamen vir 1980 strek van 3 tot 28 November. Studente moet hulle ook voorberei om mondelinge eksamens in hierdie tydperk af te lê.

Tydens die eksamen sal die gewone voorkomsregulasie geld. Oortreding van die reëls en regulasies tydens die eksamen kan lei tot 'n skorsing vir 'n jaar of langer.

Die toelatingsyfer is 'n jaarpunt van 40% in elke vak. Die dosente sal ty-

dens die laaste lesing die jaarpunte aan die studente bekend maak.

Indien 'n student weens siekte nie kan eksamen skryf nie, moet hy binne drie dae ná die vasgestelde datum waarop die eksamen begin op die voorgeskrewe vorm aansoek doen en ook die nodige mediese verslag saamstuur. Die voorgeskrewe bedrag betaalbaar vir die eksamen is R10 per vak.

Die eksamenuitslae sal hopelik teen 15 Desember 1980 aan alle studente geos word. Uitslae sal nie per tele-

foon verstrek word nie.

Studente word daarop gewys dat indien jy 'n vak druipe en volgende jaar daarmee wil aangaan moet jy in die volgende jaar volledig klasse bywoon en toetse skryf.

Van volgende jaar af skakel die universiteit oor na 'n semesterstelsel.

Eerstejaarsstudente registreer op 2 Februarie 1981 en senior studente sal skriftelik kennis kry in verband met registrasie wat vanaf 3 Februarie 1981 sal plaasvind. Die klasse begin op Woensdag 4 Februarie 1981.



● Radio-Tuks het op 7 Oktober kom kyk hoe Radio-Puk hul ding doen. Die interaksie was klaarblyklik so 'n groot sukses dat daar dadelik op toekomstige aksies besluit is wat soortgelyk sal wees aan die pas afgelope een. Verdere skakeling met Radio-Tuks belowe dus om iets te wees waarna daar uitgesien kan word.

Eksamen oor twee weke ...

Beeldende Kunste

Letterkunde

Musiek

Teater

Ad Libitum-koor
was puik

— Awie van Wyk —

OP Saterdag 20 September was ons baie bevoorreg om na 'n puik uitvoering deur die Ad Libitum-koor onder leiding van Kobus de Witt te luister.

Hierdie klomp jongmense van Pretoria het aan ons een van die musikale hoogtepunte van die jaar besorg. Vandat hulle die middag hier aangekom het, was dit asof iets gebeur het. Was dit dalk die lente of hulle aansteeklike vriendelikheid?

Hulle uitvoering het van 'n paar dinge getuig. Hulle maak musiek — musiek met hulle hele hart. Hulle laat leef die musiek. Hulle is lief vir die musiek en hulle geniet dit. Die musikale aanvoeling en meelwing was so aansteeklik, dat die waarderende Potchefstroomers elke oomblik geniet het.

Die het spontaan opgewerk tot 'n hoogtepunt: die staande ovassie. Die twee hoogtepunte van die aand was "Jesus reinig die tempel" van Zoltan Kodaly en "The cloud-capp'd towers" van Ralph Vaughan Williams.

By die Kodaly was die gespierde forte passasies by "Rowerspelonke", die atmosfeer wat geskep is en die oortuiging waarmee "Want die hele volk het Jesus aangehang..." gesing is, uiters roerend.

By die Williams was die homogene koorklank, die stylvolle vertolking en die musikale aanvoeling vir die frases opvallend. Die solis by "Xinkankanka"

met sy fenomenale falset verdien spesiale vermelding.

By die twee werke van Rosa Nepgen, het die hoë soprane soms gesukkel. Op 'n paar plekke was die tenoorklank steurend. Die twee beste stemgroepe is die basse en die alte. Nog 'n paar goeie eienskappe

van die koor is die goedversorgde uitspraak en algehele dissipline by die invalle en die afsluitings van die werke. Hoe kan die koor anders as daar by die suggestie van die koorleier geen twyfel is nie. Niks kom by die entoesiasme en algehele oorgawe aan musiek nie.

April 1980 beeld
politiek uit

— Rudolph Willemse —

DIE Afrikaanse film bevind homself in 'n ongelukkige tradisie waarin daar telkens nie aan verwagte standaarde voldoen is nie. Daarom word daar tans van die Afrikaanse film verwag om uitstaande te wees alvorens hy as goed beskou sal word. Jan Scholtz se April 1980 kan weliswaar as 'n goeie toevoeging verwelkom word.

Wanneer die kunstenaar met politiek omgaan moet hy op sekere gevare bedag wees. So neig Jan Scholtz daartoe om sekere karakters spreekbuis van sekere idees, politieke "wit", te maak. (In dié verband is die Kleurling — goed vertolk — se uitbarsting jeens Alex Carpenter nie in die konteks van die film gemotiveer nie.)

Jan Scholtz — wat terloops aan die PU vir CHO gestudeer en begin skryf het — verdien nogtans 'n pluimpie vir sy veel-

kantige (en ironiese) uitbeelding van ons politieke situasie (vergelyk byvoorbeeld die ossewabrandwag-terrorisme).

Die intrige (die botsing plig, liefde) is nie nuut nie, dog funksioneel. Van alle Afrikaanse sentiment en cliché's is die film — verstaanbaar — nie ontgaan nie. Die rol van Julian Krige se kameraat (Bill Flynn) is hoogs onoortuigend en 'n absolute pyn in die nek. Die doof van sekere name van tyd tot tyd is onnodig en

hinderlik op die oor. Die ontplofstoneel is nie baie oortuigend nie en hoekom gesels die veiligheidspolisie met 'n Witsie juis op RAU se sportgronde? Bloot interessantheidsonthalwe is dit opmerklik hoe dikwels universiteite, vissersdorpies (hier heel modern!) en howe in ons films figureer.

Kom spel ter sprake, dan was Michael Richard (Alex), Joe Stewardson (as dosent en vader), Dirk de Villiers (Julian se pa) en Doon Boshof (Julian) misken die beter spelers.

Sandra Horne het regtig nie beïndruk nie, terwyl Trix Pienaar ook goeie spel gelewer het. Myns insiens was sy in veral die meer ernstige tonele geslaagd. Haar stappie was bietjie erg.

Verder moet melding gemaak word van die knap integrering van die twee landstale. Mens het verwag dat dit moontlike probleme kan verskaf, maar dit was glad nie hinderlik nie. Sandra Horne blyk egter Afrikaanssprekend te wees.

In die geheel gesien is April 1980 'n beter Afrikaanse film.

Dr. Steenberg wen
Sanlamprys

— Rudolph Willemse —

Dr. Elsabé Steenberg van die Departement Afrikaans-Nederlands aan die PU vir CHO is die eerste wenner van die Sanlam-prys vir jeuglektuur. Die prys is aan haar toegeken vir haar werk Boom Bomer Boomste wat deur Tafelberg uitgegee word.

Hierdie prys is vanjaar vir die eerste maal toegeken en is uniek in dié opsig dat 'n tydskrif (Die Huisgenoot), 'n uitgewery

(Tafelberg) en 'n maatskappy (Sanlam), saamgevoeg het ten einde 'n bydrae op die gebied van jeuglektuur te lewer. Daar is pryse in drie kategorieë uitgelooft en Boom Bomer Boomste het 'n eerste prys in die kategorie vir kinders tussen twaalf en vyftien jaar gewen. Die beoordeling is gedoen deur prof Carl Lohann, dr Rialette Wiehahn en Audrey Blignault.

Dr Steenberg, eggenote van prof D Steenberg, is ook suster van prof André P Brink. Sy is 'n oudinwoner van Klawerhofdameskoshuis, terwyl broer André op sy dag 'n inwoner van Uitspan was. Ook hul moeder het enkele kinderboeke die lig laat sien. Dr Steenberg het reeds op dertienjarige ouderdom haar eerste roman vir publikasie voorgelê. "Herfs is beskou as 'n roman met groot moontlikhede dog effens onryp". So debuteer sy dan met "Dr Amanda" as haar eerste kinderboek. Op die vraag hoeveel boeke sy reeds laat verskyn het, moes sy eers tel: "sowat drie-en-twintig, vier-en-twintig".

Verhoudings en soeke na identiteit staan in haar werk tematies voorop. "Sielkundige goed", soos sy dit uitdruk, soos byvoorbeeld die pa se dood of die geboorte van 'n mongooltjie in 'n huisgesin, wat deur die kind verwerk moet word (in Klawer Vyf bevoorbeeld).

Elsabé Steenberg is lief vir kinders, lief vir bome, en ook in Boom Bomer Bommste tref mens twee ruimtes aan naamlik die stad en die bos, waar laasgenoemde die konnotasie van soeke in hom dra. Daar word van die oerteks van Gouelokkies gebruik gemaak en die tiener se soeke na homself, haarself, word gevind in Gouelokkies wat haar nog met die mamma-, nog met die pappa-, nog met die baba-beertjie kan vereenselwig, om later uit te vind

dat elke mens is wat hy is.

Sy glo dat die standaard van jeugboeke aan die verbeter is, alhoewel daar nog te veel mense is wat dink dat dit maklik is om 'n kinderverhaal te skryf. Daar is veral 'n gebrek aan die goeie middelslagboek. Sy beskou nie soseer die jeugwerk as minder ernstige werk nie, maar eerder as 'n werk in eie genre. In so 'n werk is veral die perspektief van belang. Die skrywer moet daarop bedag wees dat hy vir kinders skryf: die kind wil die werk op sy eie vlak hê, maar tog moet die skrywer "groot genoeg wees om die ontwikkeling saam met die kind deur te maak".

Die kind beleef sy boek baie intens. Wanneer 'n storie vir hom treurig is, moet hy daarvoor kan huil.

Die sprokie lê op 'n ander vlak en in sy onderbewuste besef die kind dat hy die sprokie anders moet benader, wat geweld byvoorbeeld betref. So kan die kind se agressie uitgeleef word in en teenoor die groot reus wat teen die boontjierank opklim en vir hom 'n vergestaltung kan wees van byvoorbeeld sy pa se slegte eienskappe.

Sy hou nie van die hedendaagse oorbeklemtoning van geweld in die Afrikaanse literatuur nie. Dit laat mens afstomp. Ook is sy bang dat die oorbeklemtoning van aktualiteit sekere magiese elemente in die slag laat bly.

Sy glo nie dat sy regstreeks deur enige skrywers beïnvloed is nie, maar hou baie van die werk van Godden, wat kinders skitterende skets, en Patrick White, 'n Australiese skrywer.

Op die vraag of haar siekte enige invloed op haar werk gehad het, voel sy dat daar dalk tog 'n verdieping was. Sy is baie lief vir stap en hoop om dit eendag weer te kan doen. Dr Elsabé Steenberg is 'n lieflike mens wat tegelyk liefde en agting afdwing.

Elsie Ballot-Studiebeurse

Aansoeke om die bogenoemde studiebeurse vir die tydperk wat in die jaar 1981 begin, kan nou ingedien word.

Die bepalinge en voorwaardes is soos volg:

Die studiebeurse bedra elk R4000 (Vierduisend Rand) per jaar en word slegs toegeken vir studie aan die Universiteit van Cambridge vir 'n tydperk van twee jaar wat moontlik tot drie jaar verleng kan word. Daar word een paalement van R500 (Vyfhonderd Rand) gemaak synde reiskoste maar alle anders kostes moet deur die student self gedra word.

Kandidate moet Suid-Afrikaans-gebore blanke mans wees wat op 1 Oktober 1980 tussen 19 en 25 jaar oud sal wees, beide ouderdomme ingesluit. Die maksimum ouderdom sal verleng word met die tydperk van ononderbroke Militêre Opleiding wat 'n kandidaat ondergaan het.

Aansoeke moet die Sekretaris voor 15 November bereik.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van die Sekretaris, Elsie Ballot-Studiebeursfonds, p/a

Barclays-Nasionale Bank Beperk, Wes-Transvaal
Trustee-tak, Posbus 1365, Pretoria, 0001.

Ralph Rabie is musikale dinamika

RALPH RABIE se Lentevonkel is nie wat mens tradisioneel onder 'n vonkel sou verstaan nie. Dit was ander vonke en klanke wat hulle hier voorgedoen het.

Ralph Rabie is musikale dinamika. Musikale aggressie. Daarom musikale kwaliteit wat nie binne die vier mure van 'n Potchefstroomse foyer tot sy reg kom nie.

Musiek van Neil Diamond, Bob Dylan, Billy Joel, Kris Kristofferson, Leonard Cohen en Bette Middler is onder andere gesing. Besondere vermelding moet ge-

maak word van sy vertolking van Kiki Dee se "I've got the music in me" en Elkie Brooks se "Pearl's a singer". Hoewel Ralph Rabie eerder gesorg het vir 'n "eiesoortige belewing" van die musiek, moet tog gewaak word teen 'n effense Neil Diamond-invloed.

Verder moet ook melding gemaak word van goeie begeleiding, veral deur Dirk Putter. Die viool het soms bietjie hard voorgekom.

Ralph Rabie toon nou al reeds die vonkel van 'n ster. Graag sal mens 'n latere uitvoering van uitsluitlike eie komposisies in 'n groter teater wil sien. Van Ralph Rabie sal nog baie gehoor word.



● 'n Gedeelte van die uitstalling van nuwe Engelse literatuur wat deur die British Council beskikbaar gestel is. Dit word tot 10 Oktober deur die Students' English Association in die Ferdinand Postma-biblioteek aangebied.

Sewe redakteurs by ASPU

DIE hoofbestuur van die Afrikaanse Studentepersoneel het op Woensdag 8 Oktober begin met 'n opleidingsseminaar op die kampus van die UOVS, waarin hulle indringend na die organisasie gekyk het. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat ASPU sy beplanning op so 'n manier doen. Mnr Sep Serfontein, 'n bestuurs- en ontwikkelingskonsultant, het as seminaarleier opgetree.

Onder die seminaargangers was die redakteurs van sewe ASPU-geaffilieerde studente- en kampuskoerante. Vier universiteite (RAU, UP, UOVS en PU), twee kolleges (BOK en DOK) en twee verenigings (ASVS van Stellenbosch en ASV van Port Elizabeth) was verteenwoordig deur veertien seminaargangers. Die seminaar het gehandel oor organisasievernouing, beplanning vir die nuwe termyn en joernalistieke opleiding.

ASPU sal oplei

ASPU sal van nou af joernalistieke kursusse aan sy lede bied, en dit sal op grond van behoeftes in dié verband gereël word. Mnr Izak Minnaar, redakteur van Die Wapad, is op die dagbestuur gekoöpteer as organiseerder en koördineerder van opleiding van ASPU-lede. 'n Voorgestelde perskode vir ASPU sal ook opgestel en aan lidkoerante verskaf word.

Die Wapad hou dinee



Boeke-uitstalling oor Afrika

IN die Ferdinand Postma-biblioteek is daar 'n uitstalling gehou van nuwe Engelse literatuur wat deur die British Council beskikbaar gestel is.

Die ongeveer vierhonderd boeke is 'n versameling van dramas, romankuns, poësie en kritiek. Wat die uitstalling besonders maak, is die groot aantal boeke oor Afrika wat deur inwoners van die vasteland (wit en swart) geskryf is.

Die werke dateer almal rondom 1979 en 1980. Dit is dus vars, onbekende leesstof waarby literatuurleeshebbers — en veral studente wat studeer in die taal — beslis sal baat. Die uitstalling is gereël deur die onlangsgestigde Students' English Association en die hoofdoel daarmee is om dié nuwe leesstof aan die publiek bekend te stel.

Die uitstalling was tot Vrydag 10 Oktober te sien. Hierdie boeke word gesirkuleer onder die hele land se universiteite — daarom was die vertoontyd so kort.

Oom Hans kry nuwe betrekking

Mnr Hans van Zyl, veral bekend vir sy betrokkenheid by Karnaval en intervarsity, se werk het 'n ander kleur gekry.

Mnr Van Zyl is sedert 1956 deel van die PU; eers as student en later as personeelid. Hy was onder andere die eerste deeltydse organiseerder van die SSR en vir vyf jaar agtereenvolgens ook dirigent van die PU. Verder was hy vir 23 jaar verbonde aan die PU se rugbyklub.

Sedert 1960 is hy verbonde aan Administrasie, die sportinstituut, Afdeling Beurse en Lenings en Finansiële Administrasie.

Aan die begin van 1979 is mnr Van Zyl aangestel om die inbedryfstelling van die nuwe Studentesentrum te beheer. Sy taak was om toe te sien dat die bedrywighede van die Sentrum glad funksioneer.

Hy het hierdie taak so pas suksesvol afgehandel. Die verskillende afdelings in die studentesentrum funksioneer tans selfstandig. Volgens mnr Van Zyl vorm personeel van die studentesentrum koördineringskomitees, wat sinvolle samewerking en beplanning verseker.

Mnr Van Zyl is vanaf 1 Oktober van sy ou pligte onthef. Hy is tans belas met take betreffende die uitbouing van die PU se beeld na buite. Dit behels studentewerwing, skakel- en reklamewerk en fondswerwing en alle ander aktiwiteite wat daarop ingestel is om die PU te bevoordeel.

Mnr Van Zyl se tydelike kantoor is in die ou Sielkunde-gebou, maar hy sal ook later na die nuwe Administrasie-gebou verhuis.

● Die Wapadredaksie het tydens hulle jaarlikse dinee, 'n vingerete in Restaurant B in die studentesentrum gehou. Ou en nuwe redaksielede was teenwoordig. Op die foto verskyn Jeanne Fourie, Freddie Snyman, Alta van der Werken, Rudolph Willemsse, Izak Minnaar, Johan Myburg, Marietjie Potgieter, Mariëtte Postma en Dirk Postma.



● Mnr Hans van Zyl se nuwe betrekking behels die uitbou van die PU-beeld na buite.

SBV hou veiling

DIE SSR se tweede-handse boekveiling is op Maandag, 13 Oktober voor die kafeteria gehou.

In samewerking met die Studente-Biblioteek-Vereniging, het die SSR talle tweedehandse boeke teen verlaagde pryse aan die studente verkoop. Die boeke was oor die algemeen in 'n goeie toestand en het redelik aftrek gekry. Alles is egter nie verkoop nie.

Die SSR beplan om die boekveiling vier keer gedurende 1981 te hou. Studente wat die veiling misgeloop het, kan by die kantoor vir tweedehandse boeke in die SSR-kantore gaan navraag doen.

SWA nou verenig op Puk

DIE Suidwes-Vereniging is op 24 September 1980 gestig om op dié wyse studerende Suidwesters aan mekaar bekend te stel.

Die vereniging gaan poog om deur middel van byeenkomste oor langnaweke en ander gesellighede 'n eenheidsgevoel onder mede-Suidwesters te bewerkstellig. Op dié wyse sal ook aan die eerstejaar 'n bekende heenkome gebied word.

Vervoer sal gereël word vanaf en na Suidwes en daar gaan ook in Suidwes huisvesting gebied word aan toergroepe soos Thalia.

Alle Suidwesters mag lede word en die ledegeld beloop R2. Die SSR het reeds die vereniging met R50 gesubsidieer. Daar word gedink aan 'n gepaste naam vir die vereniging.

Die grondwet is deur die SR goedgekeur en op die stigtingsvergadering is die volgende bestuur verkies: Voorster: Poena Potgieter. Adjunk-voorsitter: André Compion. Sekreteres: Melanie van der Merwe. Penningmeester: Burger Terblanche. Addisionele lid: André Louw. Elke koshuis sal verteenwoordig word.

Stimulus kry hoop

Volgens mnr Robert Kotze, die redakteur van Stimulus, gaan dié koerant moontlik meer dekking deur Die Matie probeer kry in plaas daarvan om self 'n blad te probeer publiseer.

Die Stimulus was die koerant van die ASVS op Stellenbosch, en het dit veral finansiële moeilik gevind om op dieselfde kampus as die Matie te bestaan.

Aktueel het nou nuwe struktuur

NA aanleiding van 'n besluit deur Korpsraad is Aktueel as opleidingsliggaam onder Korps weggeneem en as 'n selfstandige komitee onder die SSR-komitees geresorteer.

Die nuwe struktuur van Aktueel is deur die SSR goedgekeur. Dit omvat die volgende: ● Aktueel vorm nou die sentrale opleidingsliggaam op die PU. Die opleiding van alle rade, onderliggame en komitees

word in die vorm van kampe en kursusse gekanaliseer.

● Aktueel bied opleiding op eerstejaarsvlak aan die breë Puk-massa. Dit geskied op koshuisbasis om sodoende onbetrokkenheid teen te werk en koshuis- en Puk-lojaliteit te bevorder.

● Op eerstejaarsvlak sal begin word om 'n "reserwebank" van aktiewe en belangstellende studente te skep. Die name sal aan 'ie verskillende Rade gegee word sodat dié studente by aksies betrek kan

word. Hierdie "bank" sal aktief in stand gehou word deur opleidingskampe. Dit word opgevolg in die jaargroepe en met 'n Verlaterskamp afgerond.

● Leierskampe sal aangebied word vir potensiële en aktiewe leiers. Dit sal sowel organisatoriese as aktuele kampusprobleme insluit. Hierdie kampe sal ook in die jaargroepe opgevolg word.

Aktueel kan in die toekoms meehelp om die behoefte aan ontspanning te bevredig.

Nuwe voorsitter

Derick van der Schyf is gekies as die nuwe voorsitter van die Kriminologie-vereniging op 'n vergadering gehou op 17 September.

Die Kriminologie-vereniging is in Mei 1980 gestig. Dit is reeds deur die SSR as 'n gemiddeld aktiewe vereniging geklassifiseer.

Lidmaatskap is oop vir alle studente en almal wat belangstel in misdaad kan by die vereniging aansluit.

Groot dinge word vir die komende termyn beplan en belangstellendes word versoek om kennisgewingborde dop te hou vir inligting oor komende vergaderings.

MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM en SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT

Vir die jongste modes in skoene



OIP-105113

die WAPAD

● Koshuisadministrasie

Die hantering van koshuisaangeleenthede deur die koshuisadministrasie behoort elke koshuisinwoner tevrede te stel. Hulle is altyd bereid om te luister na klagtes en probleme en doen hulle bes om uit te vind waar daar nog is.

Billike versoeke kry gewoonlik aandag en daar word daadwerklik gewerk om knelpunte in die koshuislewe te verlig of uit te wis. Daar word geluister na die ander kant van 'n saak en nuwe idees word verwelkom. Dit alles word gedoen met die doel om die beste moontlike diens aan studente teen die laagste moontlike bedrag te lewer.

Só 'n instelling teenoor die veeleisende taak om meer as drie duisend studente se behoeftes, smake, voorkeure en eise te bevredig vra van koshuisinwoners samewerking, geduld, vriendelikheid en verdraagsaamheid teenoor alle werknemers van koshuisadministrasie.

● ASPU

Op die pasafgelope opleidingseminaar en hoofbestuursvergadering van die Afrikaanse Studentepersunie het veral twee nuwe tendense sterk na vore getree. Die eerste is die toenemende prioriteit wat skakeling met ander nie-geaffilieerde studentekoerante geniet. Die doel hiervan lê opgesluit in die tweede tendens: ASPU moet hom toenemend toespits op die aankweek van joernalistieke bedrewenheid en die daarstelling van 'n hoë joernalistieke standaard. Dit is te verwelkom dat dit lyk asof die klem voortaan op laasgenoemde gaan val.

● Eksamen

Voor ons ons oë kon uitvee na die langnaweek begin bloktyd alweer volgende week. Vir dié wat nou nog nie behoorlik kon uitkom by die akademie nie begin die tyd nou kort raak. Vir dié wat deur die jaar die akademie sy regmatige plek laat inneem het tussen ander aktiwiteite moet die kersie nog net op die koek geplaas word. Die Wapad wens alle studente sterkte toe met die eksamens en hoop saam met u op goeie uitslae.

Vir dié wat vanjaar klaarmaak, voorspoed vir die nuwe fase in julle lewens. Vir die ander: ons maak staat op julle vir 'n nog meer suksesvolle 1981!

● Dankie

Aan alle redaksielede van Die Wapad asook al die baie mense wat Die Wapad in die afgelope termyn behulpzaam was in sy taak: Baie dankie vir al die opofferings.

Uit die Woord

Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle — 1 Petrus 5:7

"ONS leef in 'n tranedal. Die groot vrug van die sondeval is dat die nakroos van Eva deur die eeue heen tranebrood eet".

Die siekte van bekommernis is deel van die tranebrood. In soveel vorme en gevoel, as wat daar mense is, kom dit voor.

Die meisie se kommer oor haar ou wat die einde van die jaar grens toe gaan en/of die student se kommer oor sy akademie. Gaan ek druipe al dan nie en wat gaan ek doen as ek druipe. Min mense besef wat kwel die ander persoon wanneer hy jou met 'n beleefde glimlag ontmoet.

Dan is daar ook die godsdiensoor van Godskinders oor hul koudheid, traagheid, onvolmaaktheid en slordigheid. Gewis — daar is rede tot kommer.

Net soos die Heer 'n ruilmiddel vir die sonde het, het die Heer ook 'n ruilmiddel vir die gevolge van die sonde. So ook het Hy 'n ruilmiddel vir die siekte van bekommernis. Kom ons gaan kyk na Sy Woord — laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal uitvoer! Ons kan alleen ons weg aan die Here oorlaat as ons weet Hy sorg nie net vir die mossies nie, maar vir ons ook.

God het 'n voorskrif vir die bekommernissiekte deur alleen op Hom te vertrou — so sê Sy Woord.

Wees dan nie meer siek nie, want hy sorg vir julle!

Die eksamenspook is hier — hy kan dalk net 'n paar manne hul lyne laat styfloop.



Die grootste dief op die kampus

— Johann Walters —

AS jy môre opstaan en vind dat jy besteel is deur 'n mede-student, sal jy sekerlik die naaste sekuriteitsbeampte van die diefstal verwittig. Min weet jy, dat jy, wel laasnag besteel is! Ja, deur inflasie. Hoe het inflasie jou besteel? Sedert laasnag het die reële waarde van jou geld gedaal. Dit is soos wanneer iemand jou bankboek steel en van die fondse toeën. Hierdie inflasie is nie alleen 'n saak van ekonomiese belangrikheid nie, maar is die vrug van die sonde wat deur die gemeenskap suurdeeg. Wat is hierdie inflasie dan?

Wat is inflasie?

'n Wêreldberoemde outoriteit op hierdie gebied, Henry Hozlett, beskou inflasie as "an increase in the quantity of money and credit. Its chief consequence is soaring prices". Hierdie styging in die likiditeit van die ekonomie skep 'n groter effektiewe vraag na goedere en dienste. Vanweë die mens se onvermoë om hierdie steeds stygende behoeftes te bevredig ontstaan daar groter mededinging tussen verbruikers. Die winkelier en ander dienslewende instellings eis dan 'n hoër prys. Die uitgangspunt is "koop of los dit". Die verbruiker wat in die moderne hoogs gespesialiseerde gemeenskap tuis is, kan nie soos Robinson Crusoe sy eie behoeftes self bevredig nie. Hy is dan aangewese tot die inkomste verdien uit sy arbeid. Die voortdurende styging in pryse van goedere en dienste verlaag dan die reële waarde van die arbeider se inkomste en is laasgenoemde in 'n swakker posisie om sy "honger mondjies" by die huis te voed. Hierdie inflasie forseer dat noodgedwonge diegene wat nie hul reële finansiële inkomste kan verbeter nie, om 'n laer lewenstandaard te handhaaf.

Dit is nie alleen die owerheid wat die aanleidende oorsaak tot inflasie is nie. Inflasie word ook verder gestimuleer deur u as student en die ander arbeiders in die arbeidsmark. Indien die arbeider by wyse van 'n georganiseerde arbeidsunie hoër besoldiging eis, en hul produktiwiteit bly konstant, word die ondernemings getref deur hoër koste en dalende produktiwiteit. Aangesien laasgenoemde oor die algemeen in staat is om pryse te verhoog, styg die pryse en word die inflasiespiraal uitgekring — dit maak

van inflasie 'n blywende deel van ons samelewing en sal die negatiewe gevolge daarvan al hoe groter uitkring.

Van watter belang is hierdie inflasie vir jou as student?

Hoe raak inflasie die student

Inflasie, soos reeds na verwys, word gekenmerk deur stygende pryse en dalende reële kontantbalanse. Sou 'n student in 1978 sakgeld ter waarde van dertig rand (30) per maand ontvang het, moet die student vandag ses-en-dertig rand (R36) per maand ontvang om dieselfde hoeveelheid goedere en dienste te koop as in Augustus 1978.

Hierdie styging in sakgeld sedert Augustus 1978 moet dan toegeskryf word aan inflasie. Hieruit spreek dus duidelik die bese kringloop van inflasie, naamlik dat inflasie aanleiding gee tot 'n groter, steeds toenemende inflasiespiraal. Inflasie het ook daartoe bygedra dat uitgawes soos koshuisgeld sedert 1972 met 147 persent gestyg het, klaskgeld met 150 persent, voedsel met 140 persent, klerasie met 101 persent, drank en tabak met 121,4 persent.

'n Ontleding van bogenoemde statistieke sal uiteensleglik die swakker finansiële posisie van die student aantoon. Die gemiddelde persentasie prysstyging van die gespesifiseerde eenhede is 119 persent sedert 1972. Gedurende die tydperk onder bespreking het die pryse met 89,5 persent gestyg. Volgens Hazlett se definisie was die inflasiekoers gedurende 1972 tot Januarie 1980 89,5 persent. Sou u as student in 1972 sakgeld ter waarde van R30 per maand ontvang het, en gedurende die tydperk onder bespreking nie meer sakgeld ontvang het nie, geld die volgende:

Aan die einde van 1975 kon u met dertig rand sakgeld per maand, dieselfde hoeveelheid goedere en dienste gekoop het as wat u met R19,31 in 1972 kon gedoen het. Vanweë die hoë inflasiekoers sedert 1975 het u sakgeld se waarde verder gedaal en kon u in Januarie 1980 met u dertig rand sakgeld maar dieselfde hoeveelheid goedere bekom het as wat u met R11,51 in 1972 bekom het.

Sou u as student teen die einde van 1975 steeds dieselfde hoeveelheid goedere en dienste wil bekom het met dertig rand as in 1972, het u nou niks minder as R40,69 nodig nie. Vanweë inflasie het u in Januarie 1980 R48,49 nodig gehad om dieselfde aantal goedere en dienste te koop as wat u met R30 in 1972 gekoop het.

Uit hierdie vereenvoudigde illustrasie van wat inflasie werklik is, sal dit vir die leser duidelik wees dat inflasie nie met "kaal hande aangepak kan word nie". Die oplossing vereis konstruktiewe bydrae van sowel die staat as die private sektor.

Wat kan u as student doen om inflasie te bekamp

Die skrywer is van mening dat studentegemeenskappe 'n bydrae kan lewer deur 'n navolgingswaardige voorbeeld vir die res van die gemeenskap te wees. Dit kan u as student, dosent of werknemer doen deur:

Liewer 'n laer welvaartsvlak te handhaaf, as 'n hoër welvaartsvlak met onreg. Vandag wil sowel die verbruikers as die produsent onder die dekmantel van kapitalisme of vryemarkstelsel 'n optimale welvaartsvlak bereik. Sou die bedoeling wees om God se koninkryk daarmee te dien, kan daar beswaarlik 'n vinger op gelê word. Met spyt moet ons vandag bely dat dit 'n gejaag na materiële welvaart is. Dit is juis hierdie onregverdige woeker van die produsent en die lae produktiwiteit van die arbeiders waarteen Amos waarsku in Amos 8:5 deur te sê: "Wanneer is die nuwe maan verby, sodat ons koring kan verkoop, en die sabbat sodat ons die graanskuur kan oopsluit — om die efa (hoeveelheid) te verklein en die sikkels (inkomste) te vergroot en bedrieglik te handel met 'n valse weegskaal". Juis vanweë hierdie strewe na materiële welvaart ontstaan daar groter mededinging tussen produsent en verbruiker — dit is die wortel van inflasie. God waarsku in Jesaja 3:14 tot 15 teen hierdie onregverdigheid: "Ja, julle het die wingerd afgewei, wat aan die arm man ontroof is, is in julle huise. Wat is dit met julle dat julle my volk vertrap en die ellendiges mishandel".

Publikasies
moet
gekeur
word

ALLE publikasies moet deur die SSR-lid belas met publikasies (Jurie van der Walt) goedgekeur word voordat dit die lig sien.

Publikasies moet nie later nie as een week voordat die proewe terug verlang word, vir keuring voorgelê word. Slegs Die Wapad is van hierdie bepaling vrygestel, omdat die tydperk onderling deur die SSR-lid en die redakteur gereël word.

Die verantwoordelike persoon sal die verantwoordelikheid dra dat die publikasie die SSR-lid bereik vir keuring, asook vir die probleme wat mag spruit uit die versuim om dit te laat keur.

In geval van probleme met publikasies wat wel gekeur is, dra die SSR die finale verantwoordelikheid vir die publikasie.

Indien publikasies nie voorgelê is vir keuring nie, of waar aanbevelings of veranderinge van die SSR deur die verantwoordelike persone verontagsaam of geïgnoreer word, word hulle blootgestel aan tugmaatreëls van die SSR-tugkomitee en boetes.

Groot feesweek in Promosa

— Zelda Nel —

DIE sekondêre en primêre skool van Promosa het 'n besonder suksesvolle feesweek, waarmee hulle hul tiende bestaansjaar gevier het, agter die rug. Omdat SGD 'n baie belangrike aandeel hierin gehad het, is Willem Fourie, hul SSR-vertegenwoordiger, genader oor die uitsonderlikheid van die gebeurtenis.

Die feesweek het geduur van 6 Oktober tot 12 Oktober. Willem het verskeie van die feesdae bygewoon. Hy beskou die operette "Skrikkeljanie" wat die primêre skool op die aand van 8 Oktober aangebied het, as die hoogtepunt.

Dit het in Promosa se gemeenskapsaal plaasgevind. Mnr A M Muller, hoofinspekteur van kleurlingonderwys in Transvaal, Vrystaat en Natal, was die eregas. Hy het 'n toespraak gehou met 'n boodskap vir die ouers, onderwysers en leerlinge onderskeidelik.

Willem beskou die operette as "geskiedkundig", omdat dit die eerste keer is dat 'n Wes-Transvaalse

kleurlingskool die moed en daadkrag toon om só iets aan te pak. In sy bedankingstoespraak het mnr S W du Plessis, hoof van die laerskool, spesiale dank uitgespreek teenoor SGD se Theuns Eloff, Peppi Taylor en hul medewerkers.

Die daaropvolgende aand, op 9 Oktober, is André P Brink se komedie "Kinkels innie kabel" deur die sekondêre skool aangebied. Ook hierdie

opvoering was, volgens Willem, van hoë gehalte.

Die res van die feesweek het bestaan uit 'n drama-opvoering deur die PU se dramastudente, 'n gesamentlike oueraand met vleisbraai en vreugdevure, 'n lenteloop, 'n kermis, 'n gimnastiekvertoning deur die PU se L.O.-studente en 'n skynaanval deur die Weermag. Die week is op 12 Oktober afgesluit met 'n gesamentlike erediens.

Polstu bied nie oplossings

Thinus du Plessis, die voorsitter van Polstu en John Potgieter, die ondervoorsitter, is besig met inligtingsvergaderings by die koshuise.

spreek vir een man een stem nie.

Die hoofdoel van die besoeke is om die negatiewe beeld wat Polstu as gevolg van 'n gebrek aan kennis het, te verbeter. Na die vergaderings het dit geblyk dat die mense meer inligting gehad het waaruit 'n meer positiewe gevoel jeens Polstu ontstaan het.

John sê hulle ontvangs wissel van baie goed tot minder goed. Hy sê dit is jammer dat dameskoshuise onbetrokke is. By die manskoshuise was die opkoms bo verwagting goed, veral by Klooster.

Hy sê die meeste studente is onder die indruk dat Polstu 'n oplossing het vir die kwessie van gelyke politieke seggenskap. Daar word uit die oog verloor dat Polstu se doel studie en navorsing oor sulke kwessies is. Polstu het hom dus nie uitge-

belangrike verpligting waarmee die nuwe SSR nou werk maak.

● Na aanleiding van enkele klagtes oor wanpraktike in die kompetisies van Lentedag, is Jan van der Walt, die organiseerder van die verrigtinge, genader om meer inligting te bekom. Volgens hom kon daar nie ekstra ligte by die terrein geïnstalleer word nie, as gevolg van persone wat vir twee weke uitstendig was. Die toutrek moes 'n halfuur vroeër begin, maar omdat daar gesukkel is om al die koshuise bymekaar te kry, het dit toe nie volgens plan verloop nie. Vanweë die feit dat sekere items toe in die donker aangebied is, was sekere wanpraktike moontlik.

Die vraag is nou of daar in die beplanning van so 'n aksie nie voorsiening gemaak moet word vir 'n tydspanning nie, omdat daar rekening gehou moet word met 'n groot getal mense. Aan die ander kant — as koshuise laat opdaag vir 'n bepaalde kompetisie, is hulle nie self te blameer wanneer hulle verkeerd beoordeel word nie? — H.V.



● Die ingenieurs se braaivleis op 8 Oktober was ook die afskeidsfunksie van die vierdejaars en die ISVP.

Ingenieurs hou afskeid

OP Woensdag 8 Oktober het die ingenieurstudente 'n braaivleis op die Fanie du Toit gehou as afskeid vir die finalejaars studente.

Daar was ongeveer 50 studente saam met hulle metgeselle teenwoordig. Tydens die funksie het A Bezuidenhout, voorsitter van die ISVP, die vier-

dejaars sterkte toegewens vir die komende eksamen. Hein van Rensburg het weer op sy beurt, as verteenwoordiger van die vierdejaars, sy dank en waardering teenoor die ISVP uitgespreek.

Die braaivleis was ook die vereniging se afskeidsfunksie.

Toe naweke kan akademie help

DIE instelling van gereserveerde naweke en die versoek dat aksies oor naweke geloots moet word, is gedoen om studente kans te gee om naweke huis toe te gaan. Dit sal ook help dat studente meer tyd aan akademie bestee gedurende die week.

Volgens lede van die huiskomitee van 'n dorpskoshuis sal dit aanvanklik moeilik wees om aksies net gedurende naweke te hou, aangesien dit baie moeilik is om dorpsstudente

byeen te kry. Dit kan egter ook voordele inhou deurdat studente oor naweke iets sal hê om te doen.

Die mening van 'n huiskomiteelid van 'n dameskoshuis is dat dit baie ooreenstem met skoolreëls. As studente wil studeer, sal hulle nie aksies wat gedurende die week gehou word bywoon nie. Die feit dat een naweek geen aktiwiteite gehou mag word nie, sal nie veel verskil maak nie, omdat die meeste studente wel meer as een naweek per maand huis toe gaan.

ASPU bevorder joernalistiek

"DIE doel van ASPU is die bevordering van gemeenskaplike belange onder Afrikaanse kampuskoerante".

Só is die doel van die Afrikaanse Studentepersone in Bloemfontein geformuleer ná 'n lang bespreking en verskeie konsepformulerings. Dit moes herformuleer word, omdat dit in die huidige reglement uit funksies en beleid bestaan het.

Ander formulerings

was: "om 'n diens ter bevordering van joernalistiek onder Afrikaanse kampuskoerante te lewer" en "om die gemeenskaplike belange en die bevordering van joernalistiek onder Afrikaanse kampuskoerante te behartig".

kiesing, is klasvertegenwoordigers nooit gekies nie en kon die Fakulteite-komitee van die Raad nooit na behore funksioneer nie. Daar is by die universiteitsowerhede 'n ietwat negatiewe gesindhied teenoor dié aktiwiteit van die Akademiese Raad. Deur vroegtydig met die betrokke owerheid te skakel en daarmee die hele struktuur en wat daarmee beoog word, duidelik uiteen te sit, kan die Akademiese Raad verseker dat klasvertegenwoordigers vroeg in die volgende jaar verkies word.

● Die SSR het besluit om die Koshuisraad te vra om hulle jaarbeplanning in herooring te neem en sekere uiteensettings daarin duideliker te omskryf.

Kommentaar volg wanneer meer inligting beskikbaar is.

● Die SSR is tans besig om 'n tugsak af te handel en na wat verag word, is nog 'n verdere twee tugsake op hande. In die verlede is dié aspek van die SSR se werksaamhede grootliks agterweê gelaat. Ons neem met dank kennis van dié minder aangename maar tog só

DIE WAPAD DIE WAPAD DIE WAPAD Vakature: Administratiewe Bestuurder (Halfdag)

- Pligte**
 - behartig die administrasie van Die Wapad
 - is die kernredaksie, advertensiebestuurder en penningmeester behulpsaam in die uitvoering van hulle pligte
 - is behulpsaam met interne en eksterne skakeling
 - behartig die verspreiding van Die Wapad
- Werkomstandighede**

Die Administratiewe Bestuurder

 - is direk verantwoordelik aan die Hoofredakteur
 - werk jaarliks vanaf die begin van die week voor die eerste uitgawe ter perse gaan tot die einde van die week waarin die laaste uitgawe verskyn
 - werk nie tydens amptelike universiteitsvakansies en eksamentye nie
 - moet 'n totaal van vyftien uur per week op vaste tye soos vooraf met die Hoofredakteur ooreengekom, werk, met dien verstande dat dit oor minstens vier dae van die week versprei word.
- Aanbevelings**
 - Vorige soortgelyke ondervinding
 - Kennis van administrasie en bestuurswerk
 - Kennis van en ondervinding in die georganiseerde studentelewe
 - Vaardigheid in tik
- Salaris en voordele**
 - Die salaris is R30,00 per week (slegs vir ure gewerk)
 - Benewens vakansie- en eksamentye word nog tien dae verlof per jaar toegestaan
- Diensaanvaarding**

Die begin van 1981
- Aansoek**
 - Knip die aansoekvorm uit en stuur dit voor 21 Oktober 1980 aan: Die Redakteur, Die Wapad, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520.
 - Getuigskifte en bewyse van kwalifikasies en ondervinding moet aangeheg word
 - Nadat die aansoek ontvang is, sal aansoekers genader word vir persoonlike onderhoude
 - Mans en dames is welkom om aansoek te doen
- Verdere inligting kan verkry word by:**

Izak Minnaar
Oude Molen w/s 108
Molenstraat 83
POTCHEFSTROOM
Tel. 21576

Ek wil graag aansoek doen vir die pos van Administratiewe Bestuurder by Die Wapad. Hier is my besonderhede:

Naam: Mnr/Mev/Mej.....

Adres:..... Tel:.....

Studentenommer:..... Ouderdom:.....

Vorige ondervinding:.....

Studierigting/beroep:.....



● DIE SSR het die jaarbeplanning van die Akademiese Raad goedgekeur met die voorbehoud dat skakeling met die betrokke owerhede in verband met verkiesings van klasvertegenwoordigers voor 15 November afgehandel moet wees.

Dit is verblywend om te sien dat daar nou ook van SSR-kant af in hierdie uitsers belangrike saak ingegryp word. Omdat die Akademiese Raad hierdie jaar laat begin funksioneer het ná 'n laat tussenver-

NUSAS nooi studente na kongres

Geagte redakteur

DIE Nasionale Unie vir Suid-Afrikaanse Studente is 'n oop organisasie vir alle studente, ongeag ras of taal. Vier Engelse kampusse is tans geaffilieer by NUSAS en op die oorblywende nie-geaffilieerde kampus is daar 'n sterk plaaslike tak.

Op die Afrikaanse kampusse is daar ook studente wat in die bedrywighede van NUSAS geïnteresseerd is, maar weens intimidasie vind hulle dit taamlik moeilik om te funksioneer. Studente van Stellenbosch en UPE het netemin ons konferensies die afgelope twee jaar bygewoon. Dit blyk dat studente van RAU en Pre-

toria dit vanjaar ook gaan bywoon.

Die geskiedenis van NUSAS getuig van trotse weerstand teen apartheid. Gevolglik is NUSAS 'n streng teenstander van die Nasionale Party, 'n faktor waaronder die Unie gelyk het. In 1963 is dit 'n "kanker in die Suid-Afrikaanse gemeenskap" genoem. In 1974 het die Schlebusch-kommissie aanbeveel dat agt van die Unie se lede verban word. In 1976 het die Broederbond disaffiliasieveldtogte op alle NUSAS-kampusse laat loods (vergelyk The Super Afrikaners). Aan die einde van daardie jaar het NUSAS 'n laagtepunt bereik.

Maar 1976 was ook die begin van die Nasionale Unie se herlewing. Uit die as van daardie jaar het dit gegroei tot 'n gedissiplineerde en lewendige studente-organisasie

wat studente op verskeie vlakke verteenwoordig. Dit stry aktief op kampusse vir dinge soos kursus hervorming, verblyfhervorming en groter studenteverteenwoordiging. Op politieke vlak probeer dit bewustheid aanwakker deur deuringende en kritiese ontleding van politieke gebeure in Suid-Afrika. Ons is vanjaar die eerste Suid-Afrikaanse studente-organisasie wat 'n uitgebreide nasionale studenteliefdadigheidskema onderneem.

Ons agt-en-veftigste kongres sal van 29 November tot 4 Desember by die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg gehou word. Andrew Boraine, president van NUSAS, en die bekende advokaat George Bizos sal die kongres open.

NUSAS nooi alle geïnteresseerde studente om dit by te woon — hulle sal 'n spreekstem hê, maar nie stemreg nie. Swart studente-organisasies, die studenterrade van Stellenbosch en UPE, studenteredakteurs en Polstu-leiers is ook genooi. Hoewel die ASB in die verlede ook genooi is, kan dit ongelukkig nie weer gebeur nie vanweë sy ultra-konserwatiewe en onbesorgde houding teenoor Suid-Afrika se probleme.

Belangstellendes kan aan die Hoofkantoor van NUSAS by Lower Main Road 131, Observatory, Kaapstad skryf, of Kaapstad 472875 skakel om meer besonderhede.

John Gultig (namens NUSAS)

(Brief op versoek vertaal — Red.)

Platsakstudente kan weer gaan toer

— Renaté Woithe —

DIE ASB se negende jaarlikse oorsese toer vir platsakstudente belooft om weer eens 'n belewenis te wees.

Dis 'n studentetoer — aan die student, vir die student, deur die student. Twintig dae van ontspan en herstel as beloning vir 'n moeisame akademiese jaar.

Die toergroep vertrek op Vrydag, 5 Desember, vanaf Jan Smuts-lughawe. Die bestemming is Heathrow-lughawe in Londen. Vir die volgende vier dae word plekke soos die Buckingham-paleis, Piccadilly Circus, Teemsrivier-oewer, Big Ben en Hyde Park besoek.

Die volgende twee dae word in Parys, Frankryk, deurgebring en die groep kry die geleentheid om die beroemde Moulin Rouge, Eiffel-toring en Paleis van Versailles te besoek. Mens kan die heerlikste pannekoekke by die sypaadjekafees koop en dit sit en geniet soos egte Parysenaars.

Delft, Leerdam-ware en kaas kan gedurende die volgende twee dae in Amsterdam gekoop word en op die dertiende kan die groep kennis maak met die studente van die beroemde Universiteit van Heidelberg in Duits-

land.

Switserland en Oostenryk, wat bekend is vir hulle sneeu, jodel en 2-liter-bierbekers, is maar 'n deel van die pret. Venesië se gondels, die leunende toring van Pisa, Florence, Pompeii en Sorrento is alles deel van die besoek aan Italië.

Kersdag word op die Griekse eilande deurgebring waar die groep die geleentheid sal hê om onder andere na die bekende bouzouki-musiek te luister.

Diegene wat nie die opsionele toer na Israel gaan meemaak nie, vertrek laat Saterdagagaand, 27 Desember, terug na die Republiek.

Die toerprys beloop R1 430,00 (R130 ekstra vir die opsionele Israel-toer). Ontbyt en aandete word deurgaans ingesluit.

Om meer besonderhede kan met mnr Awie Verhoef (wat gemoeid is met die plaaslike organisasie van die toer), geskakel word.

Ondersoek oor objektiwiteit

Menings oor Die Wapad ook subjektief

— Petro Malan —

DIE WAPAD is daarvan beskuldig dat hy nie te alle tye objektief berig nie.

Izak Minnaar, die hoofredakteur, het in sy redaksionele kommentaar die beleid van Die Wapad duidelik uitgespel. Die primêre taak is die verskaffing van objektiewe inligting met die doel om die studentegemeenskap te dien.

Verskeie menings is ingewin.

Prof Tjaart van der Walt sê hy is tevrede met Die Wapad. Elke koerant het in 'n mate 'n subjektiewe mening wat gegrond is op sy beleid. Die studente wat meen dat die Prims belangriker is as Polstu se grondwet, handhaaf ook 'n subjektiewe mening in die sin dat hulle sê wat hulle as die belangrikste ag. Hy sê Die Wapad bied sinvolle informasie, soos byvoorbeeld in sy agtergrondartikels. 'n Skinderkoerant blyk van verwronge smaak. Die Wapad moet nie skandale soos skorsing oopkrap nie.

Daar moet wel soms oor so iets berig word, sodat studente kennis neem van die werksaamhede van die dissiplinêre komitee.

Jurie van der Walt, SSR-lid publikasies, sê Die Wapad berig objektief oor sake. Daar is sake soos sport wat kan verander. Daar moet meer berig word oor belangrike sportsoorte soos rugby. Briewe en antwoorde moet gelyktydig geplaas word. Polstu-beriggewing is wel van belang vir die studentemassa, in die sin dat die voorsitter van Polstu 'n Puk-student is. Teenstanders en aanhangers van Polstu stel albei belang in die organisasie se vordering.

Barend Kirsten, Koshuisraadvoorsitter, sê Die Wapad berig subjektief. In die Intervarsity-uitgawe gee drie Polstu-aanhangers hulle mening oor die massavergadering, terwyl net

een teenstander se standpunt gevra is. Die redaksionele kommentaar gee 'n positiewe mening oor Polstu, terwyl die studentemassa 'n negatiewe mening handhaaf. Die briewe wat oor Polstu geplaas is, handhaaf ook 'n positiewe mening. Wanneer 'n persoon uit 'n gesagsposisie aangeval word, kry hy geleentheid om dadelik te antwoord. Dieselfde geleentheid word nie aan 'n gewone student gebied nie. Sportberiggewing moet geskied volgens die aantal studente wat by die sportsoort betrokke is. Te veel plek word aan bekendstellings afgestaan. In die Intervarsity-uitgawe was daar geen vooruitskouings van enige sportsoort nie.

Donnie Reitz, Prim van Amajuba, sê Die Wapad is subjektief wat die plasing van briewe aanbetref. Hy sê daar word te veel uit ander koerante aangehaal.

Swartes besoek universiteit

'n Groep swart leerlinge van die Hoërskool Basupi het die universiteit Dinsdag 7 Oktober, besoek om meer van die universiteit te wete te kom.

Die leerlinge se onderwyser, mnr Motlhasdi, het by die SGD-kantore kom aanklop en gevra of hy sy leerlinge 'n bietjie kan rondwys. Sy doel daarmee was om hulle te motiveer om verder te gaan studeer. Toestemming is by professor Rassie Smit verkry, en Mario Smit het hulle deur die kampus geneem.

Die Adviesburo vir Klein Sake-onderneemings, die biblioteek en die Dierkundegebou is besoek. In laasgenoemde

se laboratoriums het die leerlinge vir die eerste keer 'n mikroskoop gesien, hoewel matriekbiologie by die betrokke skool aangebied word.

Die SGD beoog om in die toekoms meer sulke aksies te leer met die oog op beter akademiese voorligting vir swart hoërskoolleerlinge.

Liber Factus bedrywig

DRANKMISBRUIK en die invloed daarvan is een van die talle onderwerpe wat op Liber Factus-vergaderings bespreek word.

Liber Factus werk nie net kampusgerig nie, maar in samewerking met SGD word daar ook projekte na buite geloods. Klinieke word weekliks besoek waartydens boodskappe aan pasiënte gebring word en ook persoonlike gesprekke met hulle gevoer word.

Liber Factus beoog om volgende jaar funksies in koshuise te hou waar probleme bespreek kan word. Lektuur oor hoe om verslawing teen te werk, hoe om mekaar te help en ander probleme word onder belangstellendes versprei.

Volgens Francois Viljoen, voorsitter van Liber Factus, is hulle doeleinde om 'n gemeenskap daar te stel wat positief meewerk tot die uitbouing van Gods koninkryk

Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van



ELCON MOTORS
se gebruikte motors

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPEZIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE.

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8



● Vivian Pienaar van Heide en haar metgesel, Johan Lemmer, geniet klaarblyklik die koshuisdinee wat op 4 Oktober gehou is.

Thaba Jäh hou eerste (en laaste) reünie

DIE huidige inwoners van Piet Groblerhuis het Saterdag, 27 September, 'n reünie gehou vir alle oud-inwoners van die koshuis. (1937-1980). Die reünie is gereël in samewerking met die Bond van Oud-Pukke.

Sover vasgestel, is dit die eerste keer dat alle oud-inwoners (mans en dames) uitgenooi word vir so 'n reünie. Van heinde en verre het oud en jonk opgetrek na "Die Berg van die Skones". Thaba-Jäh was, soos uit sy naam afgelei kan word, eers 'n

dameskoshuis. Die doel van die reünie is eenvoudig. Thaba-Jäh word volgende jaar — ten spyte van petisies en ontevrede inwoners — in 'n parkeerterrein omskep. Dit was dus 'n laaste geleentheid vir al die oud-inwoners om vir ou-

laas saam te verkeer. Die oorgrote meerderheid van die huidige inwoners sal hulle waarskynlik volgende jaar in Dawie Dup gaan vestig.

Die verrigtinge wat by die Damontspanningsoord plaasgevind het, is deur die Primarius — André Marais — geopen: "In Thaba Jäh bou ons al 43 jaar gees en hier is elke dag 'n hoogtepunt".

Pieter van Zittert het 'n heildronk ingestel op "wat was". Spontaan het die kreet van Thaba Jäh deur die saal weergalm en ou harte het weer vinniger geklop.

Die ete, 'n osbraai, het 'n gunstige geleentheid geskep vir die oppoets en blinkmaak van vergete herinneringe. Interessante en skreeusnaakse staaltjies is oor en weer vertel met 'n "onthou-jy-nog"-glinstering in die oë.

Om en by 23h00 het almal, ryker in gees en herinnering, EN met 'n bottel PU-Kanerwyn onder die arm, huiswaarts gekeer.



● Inwoners en oud-inwoners van Thaba Jäh tydens die reünie wat op 27 September gehou is. Agter van links is die volgende: D Venter, S Schutte, K Erasmus, W Vogel, C Locke, P Scharzer. In die middel verskyn I Steyn, mev Steyn, P Roodt en L de Beer. Voor is L Leonard, J Walters, F Scott, H Harvey en K le Roux.



● Die PASV-bestuur van 1980/81 is van links na regs die volgende: E de Lange, B Terreblanche, P de Witt, H de Bruijn, T van der Linde, S Burger, T Willemse, C de Clercq, G Bakker, A Compion (voorsitter), S Kistner, J Ferreira en S Botha.

SGD
nooi
studente
na plaas
—
atletiek

SGD reël 'n atletiekbyeenkoms vir plaasskole op 18 Oktober en wil dit onder die aandag van die studente bring dat hulle as toeskouers baie welkom is.

Die Departement Bantoe-administrasie het 'n persoon aangestel wat spesiale onderrig in atletiek aan die leerlinge van die plaasskole kan gee. Die persoon het tot nog toe atletiek in Ikageng afgerig, maar is nou beskikbaar vir die plaasskole ook.

Daar sal bakers uitgelooft word vir die beste seuns- en meisiespanne met die doel om die geesdrif wat daar reeds te bespeur is, nog verder aan te wakker. Om te sorg vir 'n bietjie kultuur, sal daar ook gedigte voorgedra word en liedjies gesing word.

Gaan dié troue kan hou?

— Trudie Scholtz —

GEMENGDE gevoelens heers oor die voorgenome "huwelik" van Heimat en Uitspan met Kasteel.

'n Toutrekkery (natuurlik met Kasteel se sakdoek) het verlede jaar ontstaan toe dit bekend geword het dat Heimat en Uitspan volgende jaar moet meeding om Kasteel se guns.

Sommige van die manne is doodtevrede en heeltemal gelukkig om so saam-saam Karnaval te probeer wen. Ander is minder tevrede en somer kwaai omgekrap oor die situasie ...

"Nee wat dit sal nie uitwerk nie," is die onomwonde mening van mnr Fielies Kotze, voormalige primarius van Uitspan. Volgens hom sal daar geen samewerking tussen die twee koshuise wees nie, want die een sal nie vir die ander wil luister nie."

Fielies beklemtoon die feit dat daar geen mededinging tussen Heimat en Uitspan is nie, maar of so saam Karnaval-hou sal deug, weet hy nie so mooi nie.

Afgesien van die stryd om leierskap sal daar ook ander probleme opduik. Elke koshuis het glo sy eie tradisie en gewoontes wat gehandhaaf moet word.

'n Verdere kwelpunt is

dat daar dalk dissiplinêre verskille tussen die koshuise mag wees. Dit kan meebring dat elke koshuis nie ewe veel werk sal verrig nie — wat dan tot onenigheid sal lei.

Deon Lartz, pasverkose primarius van Heimat, voorsien in teenstelling met Fielies Kotze, geen probleme vir die komende Karnaval nie. Hy meen dat

Kasteel in twee verdeel moet word en dan sal daar geen wrywing tussen Heimat en Uitspan wees nie. Twee afsonderlike vlotte kan dan gebou word.

En hoe voel Kasteel se dames oor die toutrekkery? Heimat en Uitspan is glo baie oulik, maar ai tog, die ouens is so min.



● Die dames van Wag-'n-bietjie en hulle metgeselle verkeer hier in 'n gesellige luim tydens die koshuisdinee wat op 29 September gehou is. By die geleentheid is Steffie Vorster aangewys as Door van die Jaar.

Prof De Beer oor tjeks

PROF C R DE BEER, professor in die departement Handelsreg aan die PU, het op Vrydag 3 Oktober sy intrede in die Konservatoriumsaal gelewer.

Prof De Beer het enkele gedagtes oor die regsposisie van die Bona Fide Ontvanger van 'n tjek wat van 'n dief of bedrieër verkry is, toegelig.

Die reëlmattige houer verkry die tjek vry van die gebreke wat kleef aan die titel van 'n voorganger en ook vry van bloot persoonlike verwerse wat vir vorige partye onderling beskikbaar is, het prof De Beer gesê.

Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens

huis & tuin

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641

Oulike koppies vir sleeptyd



en ta le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

Insleep -geskenkwinkel
Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

guys B dolls

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haar-golwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens! Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.



Karate presteer

DIE karatespan van die PU was besonder gedug dié jaar. Hulle het eenvoudig alle kompetisies in Suid-Afrika oorheers. Hulle het in Mei die winners van die "Kossack Vodka"-skild geword, wat toegeken is aan die winners van die Transvaalse liga, waaraan al die groot universiteite deelgeneem het.

In Julie het die span die Suid-Afrikaanse Universiteite-kompetisie gewen, waarop die span Protea-kleure verwerf het. Die PU-span was ook een van die paar sportklubs wat as oorwinnaars uit die afge-

lope Intervarsity-stryd getree het. Die Karateklub van die PU is ook Woensdagaand, 1 Oktober as die beste sportklub vir 1980 op die PU bekroon. Die span sal net so behoue bly vir volgende jaar.



● Agter v.l.n.r. R. de Plooy, C. Grace, H. Wagner (Afrigter), J. de la Rey, (Kaptein), B. Peens (Afrigter), J. Rens, P. Pretorius. Voor v.l.n.r. M. Holzhausen, C. Steynberg, D. Badenhorst, R. Meyer.

Ronell Campher en Dawie Malan is PU se beste

DIE Sportdinee het op 1 Oktober plaasgevind en die sportprestasies van die PU dié afgelope jaar is uitgelig. By die spoggeleentheid het mnr. R W J Opperman die geleentheidstoespraak gehou en mnr Dana Niehaus het as seremoniemeester opgetree.

Die rektor, prof. Tjaart van der Walt, het die Sportman en Sportvrou van 1980 aangekondig. Ronell Campher, Springbok in judo, is as Sportvrou aangewys. Die Sportman van 1980 is Dawie Malan. Die ander

drie Springbokke van die PU is Charlene Geyser (trampoline en dubbelmini), Pierre Roux (stoei), en Derick Adlam (kaalvoetwaterski). André Markgraaff is ook gekies as 'n uitblinker in sport in 1980. Hy het die Barbarian-span verteenwoordig teen die Leeus vroeër vanjaar.

Erekleure is aan 34 sportmanne en -vroue toegeken. Daar is 36 studente van die PU vir Suid-Afrikaanse Universiteite-spanne gekies. Mnr Jos Sirakis het 'n eretoekenning vir diens aan Wes-Transvaalse atletiek ontvang. Mnr Piet Malan het ook 'n ere-toekenning ontvang.



● Ronell Campher, Springbok in judo, is as die Sportvrou van die jaar aangewys.



● Die Sportman van 1980 is Dawie Malan. Mnr B van der Walt oorhandig sy toekenning.

Judo eis baie van beoefenaars

— Herman de Villiers —

JUDO is 'n veeleisende sportsoort, fisies sowel as psigies. Disipline en konsentrasievermoë speel 'n groot rol in dié sport, nie bestaan in dit tog ontspannend. Mans sowel as dames beoefen hierdie sport met sukses. Die aanleer van selfvertroue is een van die groot bates van die beoefenaar.

Die rede waarom die meeste mense die sport beoefen is vir selfverdediging, maar later word die persoon so vasgevang in die opwinding dat die primêre doel verskuif. Die moontlikheid dat die persoon maklik beseer kan word ten tye van beoefening van die sport is onwaarskynlik, omdat bese-

rings baie min, indien ooit, voorkom. Die sport is gevaarlik omdat armslotte en wurggrepe algemeen in die beoefening toegepas word, hoewel onder streng toesig van die instrukteur of beoefenaar. Goeie opleiding en verdediging verplaas die gevaaraspek in die sport na kompetisie,

wat oor die algemeen baie sterk is.


Die doel van die geveg is om jou opponent te gooi, sodat hy op sy rug sal val. 'n Ipon word aan jou toegeken wat tien punte tel en jy wen dan die geveg. 'n Ander manier is om jou opponent in 'n houvass op sy rug te kry, as jy daarin sou slaag om hom vir dertig sekondes met sy skouers albei op die grond te hou, wen jy ook die geveg met tien punte.

As jy nie in een van bogenoemde slaag nie, kan jy nog die geveg wen met punte wat toegeken word vir jou aanvaltegnieke en pogings om jou opponent op sy rug te kry.

'n Geveg duur van vyf tot agt minute — as die puntetelling aan die einde van die geveg gelyk is, kan die geveg later oorgeveg word.

Daar is baie reëls verbode aan die spel, en by oortreding daarvan loop jy die risiko om gediskwalifiseer te word. Van die ergste oortredings wat jy kan begaan is om jou opponent doelbewus te beseer. Jy kan met drie tot tien punte gediskwalifiseer word.

Gradering vind eenmaal per jaar plaas, en dan word jy gegradeer op grond van jou vordering. Watter gradering jy het, kan aan jou gordel gesien word, wat gekleur word van geel tot swart — elke kleur verteenwoordig 'n ander graderingstandaard.



● Die Springbok, Charlene Geyser, het tydens die wêreld se Trampoline- en Tuimeltoernooi 'n derde plek in die dubbelminireeks vir vroue behaal.

Kortsport

● Rugby

Die Puk-vyftiental het tydens Bethal se eeufoesvierings goeie rugby gespeel in 'n vriendskaplike wedstryd teen 'n Suidoos-Transvaalse vyftiental. Die Puk-vyftiental het die wedstryd met 23-16 gewen.

Dié oorwinning kan die Pukke trots laat voel aangesien sowat 'n derde van die Suidoos-Transvaalse vyftiental die Curriebekerspan verteenwoordig het. (Die span het in die halfeindronde van die Curriebekerreeks gespeel).

Die rustydtekening was 12-0 in die Puk-vyftiental se guns. Meyer Bester, Gert Smal, Wessel van der Merwe en Nickie Claassen het elk 'n drie gedruk en Christiaan Bekker het met 'n strafdoel en twee doel-skoppe geslaag.

● Krieket

Strathvaal het eerste gekolf in hul wedstryd teen die Puk-span in die Premierliga. Strathvaal het ná goeie kolfwerk 297/8 in 60 boulbeurte behaal. Die Puk-span het begin kolf en het hulle eerste drie paaltjies verloor met net 23 lopies op die telbord. Eckley het agt lopies aangeteken en Meyer ses lopies, albei nie uit nie. Die punte is: Strathvaal 3 vir 57 en Puk-span 1 vir 83.

In die eerste ligawedstryd het Vaal Reefs goed begin teen die Ibbies. Vaal Reefs het eerste gekolf en 124 lopies gekry. Ibbies het met hulle kolfbeurt sewe paaltjies verloor vir 52 lopies. Vaal Reefs het 2 vir 64 punte en die Ibbies 2 vir 52 behaal.

● Stoei

Die Wes-Transvaalse span is: W. Putter, K.

Stander, W. le Roux, Crouse en E. Esterhuyse. Die S.A.U.-span bestaan uit P. Roux, J. Grobbelaar en C. Lottering.

P. le Roux, wat ook 'n lid van die span is, het vroeër vanjaar sy Springbokkleure verwerf. Hy het ook eerste plekke behaal op die Transvaalse Ope, S.A.U.-kampioenskappe en Wes-Transvaalse kampioenskappe.

Die voorsitter van die klub, mnr. Swart, is vol hoop dat die span goed sal vaar tydens die komende Suid-Afrikaanse kampioenskappe.

Die PU-Stoeiklub het in die afgelope Wes-Transvaalse-kampioenskappe bewys dat hulle 'n span is waarmee rekening gehou moet word.

'n Rekordgetal van tien lede is ingeskryf vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe wat op 11 Oktober in Johannesburg gehou is.

Vakansiewerk

Vakansiewerk vir mans- en damesstudente gedurende die Desember-vakansie vir 3 weke. Verdien vanaf R100 per week vir die demonstrasie en neem van bestellings van huishoudelike artikels. Studente het al tot R700 in slegs 3 weke verdien. Losies, vervoer en opleiding word verskaf.

Skakel Student Dist.

Tel 312990/1/2, kode 016 of skryf aan Posbus 305, Vanderbijlpark, 1900 vir bespreking en nadere besonderhede.



● Judo is 'n veeleisende sportsoort!